NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

VISUELE KUNSTE: VRAESTEL II

Tydtoekenning: Van skool se aanvangsdatum tot die IEB se spertyd 100 punte

---

SPERDATUM: **9 Oktober 2020**

INHOUD **BLADSY**

Opsomming van Take en Punte	**1**
Die Eksamentema	**2–14**
Eksamentake	**15–21**
Bronverwysingslys	**22**

OPSOMMING VAN TAKE EN PUNTE

TAAK 1	**Kreatiewe proses: Visuele joernaal**	**[20 punte]**
TAAK 2	**Kontekstuele Navorsing: Visuele joernaal**	**[10 punte]**
TAAK 3	**Tekening**	**[35 punte]**
TAAK 4	**Kunswerk**	**[35 punte]**
TAAK 5	**Titels en Rasionale**	**[punte ingesluit in bogenoemde]**
TAAK 6	**Aanbieding**	**[punte ingesluit in bogenoemde]**

Hierdie take moet nie noodwendig as onverwante, aparte take beskou word nie, maar eerder as handelinge van 'n koherente, omvattende eksamenprojek wat gelyktydig uitgevoer word.

IEB Copyright © 2020

DIE EKSAMENTEMA

20/20 Visie

"Ek wou 'n revolusie deur kuns begin om die soort gemeenskap te bou wat ek self visualiseer het."

- Yayoi Kusama

Yayoi Kusama

I want to live honestly, like the eye in the picture (2009) sintetiese polimeer op doek; versameling van die kunstenaar.

IEB Copyright © 2020

Dinge om oor te besin:

Dis die jaar **2020**. Dit is die begin van 'n nuwe dekade en tyd om oor die verlede na te dink en na die toekoms te kyk. Daar is baie debatvoering oor die toekoms en ontleding van die verlede en die veranderings wat belangrik is vir die mensdom. As jongmense wat op die punt staan om die wêreld as volwassenes te betree, is julle baie betrokke by hierdie era en sal julle jul eie **visie** hê van wat die toekoms inhou.

20/20 Visie is ook 'n algemene uitdrukking wat in alledaagse gesprekke gebruik word en dit herinner aan die Engelse frase – **"In retrospek 20/20"**. Hierdie uitdrukking beteken, *"Dis maklik om te weet wat die regte ding is om te doen nadat iets gebeur het, maar dis moeilik om die toekoms te voorspel."*

"In retrospek" beteken "jy dink oor dinge nadat dit gebeur het". Byvoorbeeld – *In retrospek besef ek dat hulle waarskynlik reg was."* Dit beteken dat jy nie in die verlede gedink het dat hulle reg was nie, maar as jy nou daaraan dink, besef jy hulle was reg.

In mediese terme beteken **"20/20" "perfekte visie"**.

As jy dit dan saamvoeg, beteken "**In retrospek 20/20**" dat jy maklik kan sê wat jy in die verlede moes gedoen het as jy al die feite kan beskou wat gelei het tot die manier waarop dinge in werklikheid ontwikkel het. As jy dus al die kennis en ervaring opgedoen het, sal jy **20/20 visie** hê van iets wat in die verlede gebeur het.

Die uitdaging waarvoor jy te staan kom in jou posisie in die lewe, is om genoeg inligting te versamel om 'n toekoms te bou wat so na as moontlik met jou drome ooreenstem. Jy kan na die verlede kyk om wysheid daaruit te verkry, en 'n **visie** skep wat so na as moontlik aan **20/20** perfeksie is.

MAAK DIE EKSAMENTEMA JOU EIE:

Om jou te help om 'n betekenisvolle **konsep** vir jou **20/20 Visie**-eksamenportefeulje te ontwikkel, lees die volgende vrae en teken jou antwoorde in jou visuele joernaal aan om aan die gang te kom.

Jy kan kies watter vrae jou interesseer en jou antwoorde op 'n manier aanteken wat jou styl pas, dit wil sê breinkaarte, lyste en paragrawe.

1. Wat is jou onmiddellike en duidelik **visie** oor jou toekoms in **2020** en daarna?

2. Wie/wat het jou belangstellings in die verlede gevorm?

3. Wie/wat inspireer jou belangstellings in die toekoms?

4. Wat dink jy het verandering of verbetering nodig gegewe jou kennis van 'n terugblik op **20/20**?

5. Waar bevind jy jou as jy jou standpunt oorweeg? Met ander woorde, kyk jy na dinge van 'n afstand uit die verlede, die nabyheid van die hede of die verbeelde en verlangde toekoms?

6. Oorweeg jou **beskouing** van die jaar **2020** en daarna in verhouding tot die volgende:

   - KI (Kunsmatige Intelligensie) en die invloed daarvan op kuns
   - Aktivisme en die regstelling van die verlede
   - Ekologiese bewustheid in temas en metodes van kunsproduksie
   - Meer inklusiewe kunswêreld – meer vroue en mense van verskillende etnisiteit
   - Grense wat afgebreek word

Om jou te help om 'n **persoonlike visuele respons** op die konsep agter jou **Visie-20/20** eksamenportefeulje te ontwikkel, word jy aangemoedig om **foto's te neem en/of vlugtige sketse** van jou onmiddellike omgewing en belangstellings te maak. Dit kan interessant wees om jou antwoorde op die vorige vrae op hierdie manier te dokumenteer.

Oorweeg dinge in jou wêreld wat jou **visie, belangstellings en/of besorgdhede** weerspieël. Bekyk hierdie dinge vanuit **verskillende perspektiewe**, dit wil sê van bo, onder, binne, buite en alles wat **unieke komposisies skep**. Jy kan dit oorweeg om in enige benadering te werk, insluitende naturalisties, abstrak, simbolies, surrealisties, ensovoort.

Hierdie eerstehandse bronne sal deel uitmaak van die proses-afdeling van jou visuele joernaal en kan 'n vertrekpunt word vir jou teken- en/of kunswerk.

IEB Copyright © 2020

Oorweeg die volgende voorbeelde wat verskillende *visies*, perspektiewe of maniere om die wêreld te sien met die helderheid van 2020 Visie, of besorgdhede wat uniek is aan die *jaar 2020* en die onmiddellike toekoms, of wat die "2020 Visie" van die kunstenaars op sosiale, politieke en/of omgewingsake weerspieël. Jy kan kies om slegs die voorbeelde waarop jy reageer, te ondersoek. Skryf jou gedagtes oor jou gekose voorbeelde in jou visuele dagboek neer:

1

Yayoi Kusama

Infinity Mirrors (2017)

Installasie: Smithsonian se Hirshhorn Museum en Beeldetuin, Washington

Gebruik hierdie skakel om 'n video van hierdie werk te kyk:

<http://bit.ly/IEB2020Kusamavideo>

Die Japanese kunstenaar, Yayoi Kusama, gebruik haar kuns om kykers bloot te stel aan haar **unieke visie** van die wêreld. Haar interaktiewe installasies word dikwels met hallusinasies vergelyk en voer die kyker weg om iets van die kunstenaar se eie gemoedstoestand en lewenservarings te ervaar.

2

Keneilwe Mokoena

Lichen (2018)

Pen en ink tekening

Jy kan hierdie skakel gebruik om hierdie werk en ander deur hierdie kunstenaar te sien en om oor hierdie kunstenaar se werk te lees:

<http://bit.ly/IEB2020Mokoena>

Keneilwe Mokoena is 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar wat die verhouding tussen kunswetenskap en tegnologie ondersoek. Sy is daarin geïnteresseerd om 'n mikroskopiese noue **visie** van die ongesiene innerlike werking van dinge te skep, en het saam met 'n mikrobioloog gewerk om die mikroskopiese dele van haarself te verstaan en dinge raak te sien wat dikwels misgekyk word.

IEB Copyright © 2020

3

Cecilia Paredes

Both Worlds (2009)

Fotografie

Gebruik hierdie skakel om 'n artikel oor hierdie kunstenaar te lees:

<http://bit.ly/IEB2020ParedesArticle>

Cecilia Paredes, 'n Peruviaanse kunstenaar, is die onderwerp van haar eie foto's. Sy kamoefleer haarself in oppervlakke met ryk patrone, waardeur die helderheid van die kyker se visie van haar deur die blomme-detail verberg word.

4

Michael Goodson

Terroir and Scowle (2019)

Akriel en silikoon op masonite bord

Michael Goodson is 'n Kanadese kunstenaar wat massiewe portrette in geteksureerde detail skep. Die gesigte strek verder as die gewone visie van 'n gesig en neem die kwaliteit van 'n ruwe landskap aan.

5

'n Gedig wat handel oor die visie van die toekoms in die jaar 2020 en daarna.

Maliq Martin

Amerikaanse digter

2020 – A vision of the future (2013)

In teenstelling met party gedagtes in hierdie gedig, mag jy die volgende artikel interessant vind, wat die ontwikkelings noem wat ons in die jaar 2020 kan verwag:

<http://bit.ly/IEB2020article>

Die wêreld verander teen die spoed van lig,
Die bakleiers bemin en die minnaars baklei.
Die betekenis van liefde is nie meer bekend nie,
Maar die haat in ons word nie meer getoon nie.
Die wêreld is beter, maar ook slegter,
Die trots van ons nasie ontken alle berou.
Geweld het afgeneem, so is die wêreld goed?
Of het al die mense hulle oorgegee aan haat?
Ons weet nie wat ons sê nie, daar is dus geen waarheid nie,
Ons onkunde is in ons jeug ingegraveer.
Misdadigers skuil in die skadu van die onbekende,
Dieselfde skaduwees waarin moordenaars gekweek word.
Geen hoop vir die nasie nie, ons is in geheel verdoem.
Oorlog het opgehou, en daar word nie meer geveg nie,
En voormalige vyandelike nasies het begin verenig.
Vrede is bereik, of is ons almal mislei?
Alles is goed, dit is wat ons almal waargeneem het.
Dit lyk asof die einde naby is, sonder enige uitstel,
Dit lyk asof die einde naby is, maar niks is vas en seker nie.
Ons is vasgevang in 'n distopie en omring deur gierigheid,
En niemand is bewus van waarin die regering glo nie.
Ons verkondig broederskap van see tot glinsterende see,
Maar in hierdie wêreld ... kan slegs die blindes sien.

IEB Copyright © 2020

6

Kuns wat deur rekenaar algoritmes genereer word –

Gee dit ons 'n duidelike **2020-visie** in die 'gedagtes' van kunsmatige intelligensie en die manier waarop kuns deur KI 'gesien' word? Wat dink jy hiervan?



Kunsversameling genaamd **Obvious** – Hugo Caselles-Dupré, Pierre Fautrel en Gauthier Vernier het duisende portrette in 'n algoritme ingevoer en die resultaat is hul kunswerk genaamd:

Portrait of Edmond Belamy (2018)

Gedrukte ink op doek

Gebruik hierdie skakel om na 'n video van hierdie werk te kyk:

<http://bit.ly/IEB2020AIArtvideo>

Gebruik hierdie skakel om 'n artikel oor hierdie werk te vind:

<http://bit.ly/IEB2020AIarticle>

Obvious is 'n groep jong Franse programmeerders met die **visie** om die kuns van die toekoms deur rekenaarge-genereerde algoritmes te verken. Hul werk was deel van 'n tentoonstelling van kunsmatige intelligensie-kuns wat in 2019 in die Hermitage-museum, Rusland, uitgestal is. Hulle beskou hul werk as 'n nuwe toekoms in kuns in **2020 en daarna**.

IEB Copyright © 2020

7

Büro Achter April

transmediale 11 (2016)

Interaktiewe digitale video-installasie

Gebruik hierdie skakel om na 'n video oor hierdie werk te kyk:

<http://bit.ly/IEB2020 AchterAprilvideo>

Büro Achter April is 'n Duitse kunstenaar wie se **visie** dit is om wanorde te skep, wat moontlik die wêreld in **2020** en daarna weerspieël. Deur verwagtings af te takel, hoop hy om 'n nuwe weg, 'n ander perspektief of 'n onverwagse deurbraak, te bereik.

8

Johnson Zuze

Beautiful Struggle (2015)
Beeldhouwerk

Gemengde media

KooVha Gallery, Londen

Gebruik hierdie skakel om meer te lees oor Afrika-kunstenaars wat kuns deur herwinning skep:

<http://bit.ly/IEB2020Recycleart>

Johnson Zuze is 'n Zimbabwiese **eko-kunstenaar** wat hedendaagse afval soos glas, draad, plastiek, metaal en rubber gebruik om boeiende visuele teenwoordigheid te skep. Daarom neem hy een van die omgewingsprobleme waarvoor ons in **2020** te staan kom, in die vorm van buitensporige afval, en verander dit deur sy unieke kunstenaars-**visie**.

IEB Copyright © 2020

9

Willie Bester

Poverty Driven (2017)

Gemengde media versameling

Gebruik hierdie skakel om na 'n video oor die kunstenaar te kyk:

http://bit.ly/IEB2020Bester

Willie Bester is 'n Suid-Afrikaanse distopiese **skrootkunstenaar** en **aktivis**. Hy gebruik gevonde materiaal en omskep dit in simboliese en betekenisvolle werke, wat sy **visie** van sosiale, politieke en ekonomiese probleme van die tyd waarin ons leef, weerspieël. Sy gebruik van herwinning dra positief by tot 'n wêreld wat deur afval verswelg word.



10

William Kentridge

Singer Trio (2019)

Singer naaimasjiene, hout, sagte staal, aluminium, gevonde objekte en elektriese komponente, 163 × 176 × 50 cm.

Noval Instituut, Kaapstad

Gebruik hierdie skakel om na 'n video van hierdie werk te kyk:

<http://bit.ly/IEB2020Kentridge>

William Kentridge is 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar wat sy artistieke **visie** gebruik om kommentaar op sosiale, politieke en ekonomiese stelsels van die verlede en die toekoms te lewer. Sy gebruik van weggegooide materiaal is 'n unieke aspek van sy werk.

IEB Copyright © 2020

11

Yinka Shonibare

CBE, Refugee Astronaut II (2016)

Veselglaspop, Nederlandse wasgedrukte katoen-tekstiel, net, besittings, ruimtevaardershelm, maanstewels en staal basisplaat.

Gebruik hierdie skakel om artikels oor hierdie werk te vind:

<http://bit.ly/IEB2020Shonibarearticle2>

Yinka Shonibare is 'n Nigeriese kunstenaar. Hierdie beeldhouwerk beeld 'n ongemaklike **toekomsvisie** uit, aangesien 'n figuur voorbereid op oorlewing in 'n vyandige omgewing blyk te wees. 'n Mens kan nie die ruimtevaarder se identiteit waarneem nie, en as jy hierdie werk bekyk, word jy met jou eie spieëlbeeld in die blink visier gekonfronteer. Dit herinner ons moontlik daaraan dat verslegtende klimaatsprobleme op ons almal betrekking het. Dit kan ons eie toekoms wees, aangesien ons gedwing word om ander woonplekke te soek as die toestand van die planeet vererger. Dit is 'n **2020-visie** van 'n toekomstige wêreld.

12

Haroon Gunn-Salie

Senzenina (2018)

Installasie beeldhouwerk met klankelement, 17 lewensgroot gehurkte figure wat in veselglas hars gegiet is.

Gebruik hierdie skakel vir 'n video waarin die kunstenaar oor sy werk praat:

<http://bit.ly/IEB2020Gunn-Sallievideo>

Haroon Gunn-Salie is 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar wat die mondelinge geskiedenis van die gemeenskap in kuns uitbeeld. Hy is ook 'n sosiale aktivis wat veral bekend is vir sy werke wat kommentaar op geskiedenis en herinnering lewer.

Senzenina is Haroon Gunn-Salie se plek-spesifieke gemengde media installasie wat geskep is na aanleiding van die Marikana-bloedbad in 2012. Die 17 geeste verteenwoordig die 17 stakende mynwerkers wat gedood is op wat later as toneel 1 bekend sou staan. Deur sy **visie** word die toneel in 'n patetiese tragedie omskep.

'n Totaal van 44 mense is gedurende daardie noodlottige week in Augustus gedood.

Met **2020-visie** wat deur hierdie tragedie verkry is, hoop hy dat dit nie weer sal gebeur nie.

IEB Copyright © 2020

BENADERING TOT HIERDIE EKSAMEN EN DIE BESTUUR VAN JOU KREATIWITEIT

Die bronne wat in hierdie eksamenvraestel verskaf word, oorweeg die idee van 'n **2020-visie** op verskeie maniere. In hierdie voorbeelde verken die kunstenaars 'n verskeidenheid kwessies of maniere om hul onderwerp te beskou. Jy word aangemoedig om hierdie werke te verken en die skakels te volg om jou begrip van elke kunstenaar se bedoelings te verryk en dan jou eie konsep om hierdie tema te bou. Uit hierdie inspirasie word van jou verwag om die volgende te produseer:

- 'n visuele joernaal
- 'n tekening
- 'n kunswerk
- 'n titel en rasionaal vir sowel tekening as kunswerk

Betrokkenheid by Kuns en Visuele Kultuur

Aan die einde van die eksamenprojek sal jy ten minste die werke van **ses** ander kunstenaars, wat in 'n soortgelyke dissipline werk as wat jy gekies het, **nagevors** het en na hul werk, wat soortgelyke of verwante kwessies as joune weerspieël, verwys het. Hierdie navorsing moet in jou Visuele Joernaal getoon word. Jy moet verken hoe hierdie kunstenaars jou eie denke beïnvloed het en hoe hul werk jou gehelp het om groter duidelikheid in die skep van jou tekening en kunswerk te verkry.

Denke as Doen: Gebruik jou Kreatiewe Proses om jou idees te ontwikkel en te verfyn

Dokumenteer ook in jou Visuele Joernaal al die stappe van jou Kreatiewe Proses wat gelei het tot die aanbieding van jou tekening sowel as jou kunswerk.

Daar word van jou verwag om foto's en/of rowwe sketse in te sluit waarvoor jy aan die begin van hierdie vraestel opdrag ontvang het, en dit kan ontwikkel word tot jou teken- en/of kunswerk. Dit moet jou prosessering toelig en sorg dat jou werke persoonlik van aard is.

Jou Navorsing en Kreatiewe Proses moet onmiddellik begin nadat jy hierdie eksamenvraestel ontvang het en moet voortduur totdat jy jou werk op die sperdatum voorlê.

Hierdie take, wat op die volgende bladsye uiteengesit word, is verpligtend. Die volgorde waarin jy dit benader, moet egter deur jou eie idees en denkproses gelei word. Jy kan met die navorsing van kunstenaars se werke begin en daarna jou idees, persepsies en ervarings in jou Visuele Joernaal teken. Jy kan dadelik begin teken en toelaat dat jou kunswerk en navorsing uit die proses van teken voortspruit. Kreatiwiteit is sowel 'n **sikliese** as **lineêre** proses. Jy sal heen en weer moet beweeg, oorweeg wat jy tot dusver gedoen het en deurgaans jou prosesse en produkte herevalueer om jou respons op die eksamen tot 'n oortuigende dieptevlak te ontwikkel.

IEB Copyright © 2020

Assessering

Jou onderwyser het gedetailleerde assesseringsrubrieke met al die kriteria vir sukses in hierdie eksamen. Jy word aangeraai om met hierdie rubrieke vertroud te raak. Jou respons op die eksamen sal op die volgende drie, breë, dog verwante kriteria geassesseer word:

1. **Jou vermoë om vaardig met jou gekose materiale en komposisiebeginsels te werk, d.w.s. vorm: toon jou Tekening en jou Kunswerk dat jy die gekose dissipline(s) bemeester het, en neem dit die kyker op 'n estetiese reis?**

2. **Jou oorspronklike en kreatiewe denke, konsepte en die doelbewuste betekenisse wat deur jou werk ontgin word, d.w.s. inhoud: verken jou werk 'n interessante, relevante interpretasie van die tema op 'n gesofistikeerde vlak?**

3. **Bewys van taak-intensiteit, nuuskierigheid, deursettingsvermoë en toewyding in jou respons, sowel as jou vermoë om die beperkings van tyd en ruimte te hanteer, d.w.s. konteks: oorkom jou werk die beperkings van ruimte en omstandighede op 'n gesofistikeerde manier? Jou Tekening en Finale Kunswerk behoort elk sowat 4–6 weke te neem om te produseer, en hierdie hoeveelheid toewyding moet sigbaar wees. Jy moet dus nie net 'n suiwer konseptuele werk produseer wat vaardigheid of wesenlikheid afskeep nie.**

Riglyne en Vereistes

Onthou: Jy mag op jou eie tyd aan jou **Visuele Joernaal-** en **Tekentake** buite die skool werk, maar die **Finale Kunswerk** mag nie van die skoolperseel verwyder word nie. Dit moet onder die onderwyser se toesig voltooi word.

Dit is jou verantwoordelikheid om hierdie **Eksamenvraestel** en die **Riglynboekie** sorgvuldig deur te lees voordat jy met die projek begin. Bespreek die eksamenvraestel met jou onderwyser en klasmaats en neem dit saam met jou huis toe.

LET WEL: Die bogenoemde take is verpligtend, maar hoef nie noodwendig in streng numeriese volgorde uitgevoer te word nie. Die kreatiwiteitsproses is organies en siklies eerder as sekwensieel en lineêr. Jy sal heen en weer moet beweeg, die verskillende stadiums moet oorweeg en heroorweeg om jou kreatiewe betrokkenheid by die eksamenopdrag te ontwikkel en te verdiep.

IEB Copyright © 2020

EKSAMENTAKE

TAAK 1 KREATIEWE PROSES: VISUELE JOERNAAL [20 punte]

Dit is voorbereiding vir jou tekening en kunswerk. Dit is 'n rekord van jou response op die tema. Dokumenteer jou Kreatiewe Proses volledig in jou Visuele Joernaal.

Kreatiewe Ontginning

- Gebruik die afbeeldings, tekste en idees op die vorige bladsye as vertrekpunte en stimuli terwyl jy al jou idees, gevoelens, sketse en afbeeldings in jou Visuele Joernaal aanteken.
- Dui jou belangstellings en doelstellings vir hierdie eksamen aan – maar wees ontvanklik en buigsaam. Jou doelwitte mag verskuif en verander namate jou Kreatiewe Proses ontwikkel.
- Sluit aanvanklike foto's en/of sketse en bronmateriaal en inspirasie in.
- Verskaf idees, in jou eie woorde geskryf, wat jou gedagtegang verduidelik vir die uitbeelding van jou gekose onderwerp(e) op die manier wat jy verkies.
- Toon dat jy vlot is in die vermoë om verskeie idees en moontlikhede te genereer, nie net een finale idee nie.
- Oorweeg versigtig hoe jy jou interpretasie van hierdie tema sal aanbied. − Sal jou benadering intiem en persoonlik wees, of openlik en opsigtelik? − Sal jou tekening(e) en kunswerk(e) natuurlik, gestileerd of abstrak wees? − Kommunikeer 'n simboliese werk 'n dieper en diepsinniger waarheid as 'n natuurlik/fotografiese werk? Of is hulle albei selfs gemeenskaplik eksklusief? − Jou benadering kan letterlik, natuurlik, of meer simbolies of poëties wees. Wat maak van jou kunswerk 'n kunswerk?
- Hersien, ontwikkel en brei jou eie visuele taal uit deur verder betrokke te raak by 'n sikliese Kreatiewe Proses ter voorbereiding van jou tekening en kunswerk.
- Wees buigsaam: Jou idees mag dalk verander het en verskil van jou aanvanklike intensies, planne en doelstellings.
- Gebruik woorde, sketse, visualiserings en tegniese eksperimente om jou kunswerk visueel te ontwikkel. Ontgin moontlikhede!
- Watter medium gaan jy gebruik? Watter tegnieke en onderwerp sal jou intensies en interpretasie van die tema die beste pas? Besin deeglik en verduidelik jou besluite in jou Visuele Joernaal.
- Watter tekens en simbole van die breër visuele kultuur jy sal betrek om jou werk betekenisvol te maak?
- Oorweeg die kunswerke wat jy alreeds in jou PAT praktiese portefeulje voltooi het as deel van jou Kreatiewe Proses.
- Jy word sterk aangeraai om vir hierdie eksamen met dieselfde kunsdissipline te werk wat jy vir die PAT praktiese portefeulje gebruik het. (As jy beeldhoukuns in jou PAT-portefeulje gebruik het, behoort hierdie eksamenwerk ook 'n beeldhouwerk te wees.)
- Verduidelik die verband tussen jou PAT-portefeulje en jou oogmerke vir die eksamenprojek ten opsigte van jou formele en konseptuele kwessies. Dit is belangrik vir die ontwikkeling van 'n persoonlike visuele taal.
- Verwys na die relevante afdeling in die toepaslike riglyndokument vir omvattende riglyne oor die kreatiewe proses.

IEB Copyright © 2020

TAAK 2 KONTEKSTUELE NAVORSING: VISUELE JOERNAAL [10 punte]

Navorsing is 'n belangrike deel van die proses om 'n suksesvolle kunswerk te skep

- Vir elke taak moet jy as deel van jou Kreatiewe Proses minstens ses ander visuele kunstenaars se werk kies en navors wat jy inspirerend vind vir jou artistieke praktyk (doen navorsing oor ongeveer drie kunstenaars vir jou tekening en ongeveer drie ander vir jou kunswerk).
- Jy mag navorsing doen oor die werk van die kunstenaars wat in die gegewe bronne voorsien word of ander kunstenaars se werk navors.
- Terwyl jy navorsing doen, moet jy jou idees vir jou eie doelwitte en mikpunte vir hierdie eksamenprojek verfyn en aanpas.
- Produseer minstens een gedetailleerde visuele ontleding van minstens een werk deur die kunstenaar(s) wat jy gekies het. In jou ontleding moet jy na die tema verwys. Die ontleding moet in jou eie woorde wees. Vermy die kopieër-en-plak-gewoonte! Deur slegs uit 'n gesaghebbende bron te kopieer, is nie voldoende navorsing nie. Jy moet bewys van internalisering van jou navorsing toon.
- Erken al jou bronmateriaal deur die Harvard-verwysingstegniek te gebruik.
- Verduidelik waarom die kunswerke wat jy nagevors het van toepassing is op jou eie doelwitte en planne vir die eksamentekening- en eksamenkunswerktake.
- Verwys na die relevante afdeling in die uitvoerige riglyndokument vir gedetailleerde riglyne oor die kreatiewe proses.
- Dokumenteer enige ander kunswerke wat jou in jou Kreatiewe Proses inspireer.
- Jy mag vind dat jy ander gebied(e) van visuele kultuur en/of kennis moet navors.
- Kom enige van die kunstenaars, kunswerke of kennisgebiede wat jy nagevors het vir jou PAT-projekte ook in jou Visuele Joernaal vir hierdie eksamen voor? Indien wel, moet jy dit erken. Dit is 'n belangrike aspek in die ontwikkeling van jou eie persoonlike visuele taal.

IEB Copyright © 2020

TAAK 3 TEKENING [35 punte]

- Produseer 'n reeks prosestekeninge vir uitstalling.

OF

- Produseer minstens een eindproduk-tekening vir uitstalling.
- Jou tekening behoort 4–6 weke te neem om te voltooi.
- Werk gelyktydig aan jou visuele joernaal en jou tekening.
- As jy die Prosestekening-opsie kies, moet jou tekeninge professioneel uitgestal word **en nie in die joernaal gelaat word nie**.

Let wel: Jou tekening moet 'n tekening wees, ontwikkel uit 'n vorm van merke of skrape gemaak op 'n oppervlak op 'n hoofsaaklik droë wyse en nie 'n ander kunsvorm nie. As jy verkies om 'n tekening te maak wat nie aan hierdie begrip voldoen nie, moet jy jou motivering verduidelik en in jou Visuele Joernaal beskryf hoe jou werk as tekening gereken word. Die nalaat van sodanige verduideliking waar dit vereis word, sal noodwendig tot penalisering lei.

Wat verstaan 'n mens onder "tekening"?

'n Tekening is 'n reeks relatief spontane merke op 'n oppervlak. 'n Akriel-skildery is nie 'n tekening nie en 'n foto is nie 'n tekening nie – tensy jy in besonderhede verduidelik hoe dit as sodanig beskou kan word. As jy 'n tekening aanbied wat nie tradisioneel is nie, moet jy regverdig hoe jou voorlegging konseptueel as 'n tekening verstaan kan word. Dit is 'n belangrike vaardigheid om te bemeester: die negentiende-eeuse kunskritikus en kunstenaar John Ruskin het gesê: "*Teken is 'n manier om kennis te verwerf en te kommunikeer*". Dink goed na oor wat 'n tekening anders maak as 'n skildery, 'n beeld of 'n foto. Oorweeg die redes waarom teken so 'n belangrike deel van die kunstenaar se werkproses is.

Vir gedetailleerde riglyne oor jou tekening sowel as 'n gedetailleerde verduideliking van die verskille tussen prosestekening en eindproduktekening, verwys na die toepaslike afdelings in die riglynboekie.

TAAK 4 KUNSWERK [35 punte]

- Produseer jou kunswerk vir uitstalling nadat jy jou kunsdissipline vir die eksamen gekies het.
- Jy mag slegs onder jou onderwyser se toesig aan jou kunswerk werk.

LW: Fotografiekandidate: Alle fotografie-skote moet deur jou, die kandidaat, gedoen word en nie deur iemand anders nie. As jy die onderwerp van jou eie foto's is, moet jy bewys lewer dat **jy** jou eie foto's opgestel het en nie iemand anders nie. As 'n assistent gebruik word om foto's **van jou** te neem, moet dit in die Visuele Joernaal erken word. Gebruik 'n plaasvervanger-model om in jou plek vir die skoot te poseer terwyl jy elke skoot opstel en op kamerastellings besluit. **Jy moet die addisionele beplanningskote wat jy vooraf geneem het in jou Visuele Joernaal insluit** om te bewys dat die tegniese komposisie en skote jou besluitneming en werk is en nie dié van die persoon wat die foto neem of enigiemand anders nie. Geen professionele fotograaf of ander persoon mag foto's namens jou opstel en neem nie.

Vir gedetailleerde riglyne oor jou kunswerk, verwys na die toepaslike gedeeltes in die riglynboekie.

IEB Copyright © 2020

TAAK 5 TITELS EN RASIONALE

- Skep 'n toepaslike en interessante titel vir SOWEL jou tekening(e) AS jou kunswerk(e).
- Tik en druk twee aparte rasionale van nie meer as 150–200 woorde elk nie.
- Vertoon jou rasionale, titels en eksamennommer langs jou tekening en jou kunswerk.

TAAK 6 AANBIEDING

Jou tekening en jou kunswerk moet so professioneel as moontlik uitgestal word. Benoem jou tekening(e) en jou kunswerk soos volg:

Naam
Eksamennommer
Titel
Eksamentekening/
Eksamenkunswerk

SIEN DIE MEEGAANDE BOEKIE VIR GEDETAILLEERDE RIGLYNE OOR SPESIFIEKE DISSIPLINES.

IEB Copyright © 2020

BRONVERWYSINGSLYS

1. The New York Magazine: *The Art of the Flame-Out* deur Carl Swanson, 2012. [AANLYN] <http://nymag.com/arts/art/features/yayoi-kusama-2012-7/> [Verkry 20 November 2019].
2. American Optometric Association – *Visual Acuity: What is 20/20 Vision?* [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.aoa.org/patients-and-public/eye-and-vision-problems/glossary-of-eye-and-vision-conditions/visual-acuity> [Verkry 12 November 2019].
3. Phrasemix – *Hindsight is 20/20*. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.phrasemix.com/phrases/hindsight-is-20-20> [Verkry 12 November 2019].
4. Smithsonian: *Hirshhorn's "Yayoi Kusama: Infinity Mirrors" Is the First Exhibition to Span Five Decades of the Artist's Immersive Installations,* Nuusberig, 2016 [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.si.edu/newsdesk/releases/hirshhorn-s-yayoi-kusama-infinity-mirrors-first-exhibition-span-five-decades-artist-s-immer> [Verkry 20 November 2019].
5. Power Poetry: Welcome to the Future: *2020 A VISION OF THE FUTURE* by Maliq Martin, *2013.* [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.powerpoetry.org/poems/2020-vision-future> [Verkry 21 November 2019].
6. American Scientist: *AI Is Blurring the Definition of Artist* deur Ahmed Elgammal, 2019 [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.americanscientist.org/article/ai-is-blurring-the-definition-of-artist> [Verkry 20 November 2019].
7. This is Colossal – *Camouflaged self-portraits by Cecilia Paredes,* by KATE SIERZPUTOWSKI, 2018. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.thisiscolossal.com/2018/11/camouflaged-self-portraits-by-cecilia-paredes/> [Verkry 5 Januarie 2020].
8. Michael Goodson Artist Website, 2019 [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.michaelgoodson.com/selected-work> [Verkry 6 Januarie 2020].
9. Material District*, DESIGN MADE IN GERMANY: BÜRO ACHTER APRIL 2016.* [AANLYN] Beskikbaar by: <https://materialdistrict.com/article/design-made-germany-buro-achter-april/> [Verkry 26 November 2019].
10. Contemporary African Art – *Contemporary African Recycled Art, 2014.* [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.contemporary-african-art.com/contemporary-african-recycled-art.html> [Verkry 22 November 2019].
11. Willie Bester – *Scrap Sculptures,* 2018. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://williebester.co.za/Works/sculpture/> [Verkry 4 Januarie 2020].
12. Art Africa – *The Shadow of the Object may be a Sound Seeing Voices in William Kentridge* 2019. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://artafricamagazine.org/the-shadow-of-the-object-may-be-a-sound-seeing-voices-in-william-kentridge/> [Verkry 24 November 2019.]
13. Contemporary& – *TURIYA MAGADLELA,* 2015. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.contemporaryand.com/person/turiya-magadlela/> [Verkry 4 Januarie 2020.]
14. *Visi – ARTISTS WE LOVE: KENEILWE MOKOENA* deur Meiring*, 2019.* [AANLYN] Beskikbaar by: <https://visi.co.za/artists-we-love-keneilwe-mokoena/> [Verkry 27 November 2019].
15. Ruya Maps – *What is a Climate Refugee*? [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.ruyamaps.org/1-climate-refugees/2019/12/5/what-is-a-climate-refugee-un> [Verkry 10 Januarie 2020].
16. Artthrob – *Keeping the Blinkers off: an Interview with Haroon Gunn-Salie* deur Tim Leibbrandt [AANLYN] Beskikbaar by: <https://artthrob.co.za/2018/09/13/keeping-the-blinkers-off-an-interview-with-haroon-gunn-salie/> [Verkry 4 Januarie 2020].

IEB Copyright © 2020